
MT 24-25 : JESUS SE PROFETIESE REDE [6]

24:31-33 - Die somer van insameling

No. E229

Verse 29-30 beskryf die klimaks van God se oordele oor die ou godsdienstige stelsel wat God se heerlike verlossing in Christus verwerp het. As die Seun van die mens uiteindelik met krag en heerlijkheid kom, sal alles verby wees.

Maar dit sal nie bloot 'n einde wees nie. Die volgende vers, vers 31, is 'n jubelkreet. Die Here se oordeel oor die Jode gaan in werklikheid die begin wees van 'n wonderlike bedeling. Die kniehalter van Joodse wettisisme en eksklusiwisme gaan finaal verbreek word. Nou sal die kerk onder Jood en heiden kan saamvloei tot één, en die evangelie van God se wonderlike genade in Christus behoorlik koers kry.

Soos ons weldra sal sien, beskryf vers 31 die insameling van God se uitverkorenes vanuit die nasies in "die vier windstreke ... elke uithoek van die aarde."

Die trompetgeskal

☐ Meeste mense dink by die lees van hierdie vers aan die wederkoms. En inderdaad praat die Skrif van 'n trompet wat tydens die wederkoms en opstanding sal blaas (1Kor 15:52; 1Ts 4:16). Maar as ons voorafgaande Skrifuitleg korrek is, word hier gesinspeel op die trompetgeskal wat in Ou Testamentiese tye die Jubeljaar aangekondig het -

en die groot bevryding en heil wat dit gebring het. Trouens, die Hebreeuse woord wat gebruik is om van die Jubeljaar te praat, beteken "die geskal van 'n trompet".

Die Here God het omvattende voorafskrifte vir die verbondsvolk se kalender gegee. Ses dae se werk moes deur 'n sewende dag van rus gevolg word - die *sabbat*. Maar benewens die week van dae, is 'n week van jare voorgeskryf. Na ses jaar se werk, was daar 'n sewende jaar van rus - die *sabbatsjaar*. Selfs dit was nie al nie. Na sewe sabbatsjaar-siklusse - en dus die nege-en-veertigste jaar se sabbat - moes ook die vyftigste jaar 'n tyd van rus wees - die *jubeljaar* (Eks 21:1-6; 23:10-11; Lev 25:1-55; Dt 15:1-18).

Die instelling van die sabbats- en jubeljaar het veral vier fokuspeunte gehad:

- Die *landerye* moes nie bewerk word nie. Die natuurlike opslag was vir die armes en die diere. God het ook belowe om die oes van die sesde jaar so te seën dat daar genoeg kos vir twee jaar sou wees.
- Alle *skuld* wat in die voorafgaande jare gemaak is en nog nie afbetaal was nie, moes kwytgeskeld word. Dit het selfs gegeld vir skuld wat in die sesde jaar gemaak is.
- Die *slawe* - diegene wat tydens die voorafgaande jare deur skuld die eiendom van hulle skuldeisers geword het - moes vrygelaat word. Wat meer is, hulle base moes hulle materiëel weer op die voete help (Dt 15:13-14).
- Alle *grond* wat vervreem is omdat mense nie hulle skuld kon betaal nie, moes in die jubeljaar aan die oorspronklike eienaars teruggegee word. Sodoende het geen permanente verryking of

verarming van families plaasgevind nie. Een maal elke geslag of twee het restorasie plaasgevind.

Die sabbats- en jubeljare het in die teken gestaan van herstel, vrymaking, welsyn en volheid.

Reeds in die Ou Testament word hierdie beginsels nie net letterlik verstaan nie. Dit blyk uit 'n heerlike belofte in Jes 61:1-3, wat - so word dit algemeen aanvaar - die jubeljaar vergeestelik: "Die Gees van die Here Here is op My, omdat die Here My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep ... om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die Here ..." (OAV).

Nou is dit hoogs betekenisvol dat die Here Jesus hierdie belofte reg aan die begin van Sy publieke bediening aanhaal en nie net op Homself van toepassing maak nie, maar ook uitdruklik sê: "Vandag is hierdie Skrifwoord ... vervul" (Lk 4:18-21).

Hier in Nasaret vat die Here dus Sy sending na hierdie wêreld toe in 'n neutedop saam. Die Vader het Hom gestuur, en die Heilige Gees rus Hom toe, om dit waarvoor die sabbats- en jubeljare gestaan het - dit het kennelik 'n sterk vooruitgerigte boodskap gedra - hier op aarde 'n werklikheid te kom maak. Dis waarom Hy "die genadejaar van die Here" (NAV) aankondig. Sy missie is dus die vestiging van herstel, vrymaking, welsyn en volheid in die lewens van mense wat swaar ly onder die gebrokenhede van 'n sondegevalle wêreld.

Wat sê Jesus dus in Mt 24:31?

Nádat die Seun van die mens in Sy oordeel die kniehalter van Joodse invloed en seremoniële godsdienst finaal verbreek het,

het Hy voluit daarop konsentreer om die Ou Testamentiese jubelbeginsels oor die hele wêreld 'n werklikheid maak!

Die engele

Hoe moet ons dit verstaan dat "engele" uitgestuur word?

Sekerlik is daar talle uitsprake in die Skrif wat vir ons sê dat engele 'n prominente rol gaan speel tydens die wederkoms (Mt 13:41-42; 2Ts 1:7-10). Maar die woord, "engel", verwys nie altyd in die Skrif na hemelwesens nie. Die Griekse woord beteken gewoon "boodskapper", en word as sodanig meermale in die Nuwe Testament gebruik (Mt 11:10; Lk 7:24, 27; 9:52; Mk 1:2; Jk 2:25). Bekendste is seker die sewe briewe van Op 2-3, waar die leraars - oftewel boodskappers - van die gemeentes as "engele" aangespreek word.

Wat Mt 24:31 dus sê, is dat die Here in hierdie grootse en wêreldwye projek om die beginsels van die jubeljaar in Sy uitverkorenes se lewens te vestig, nie alleen en direk gaan werk nie. Nee, Hy gaan middellik werk; Hy gaan Sy engele, Sy predikers, Sy kinders as gesante en instrumente daarvoor gebruik. En is die verkondiging van die evangelie nie inderdaad God se manier is om sondaars te red nie (Rm 10:14-17; Jk 1:18; 1Pt 1:23)?

Die les van die vyeboom (Mt 24:32-33)

Duidelik sê Jesus hier vir Sy luisteraars dat hulle moet weet, as hulle sien hoe die oordele oor die Jode voltrek word, dat die somer van bekeringsvrug onder die nasies op hande is. Ja, voor 70 n.C. het baie heidene reeds tot bekering gekom (hoofsaaklik egter Jode, waarskynlik). Maar

eers in die eeue daarna het die nasies wêreldwyd en op groot skaal hulle by die gemeente van Christus gevoeg.

Wat sê dit vir ons?

1. Hou dit in die geloof vas dat ons in die jubeljaar van God se heil leef.

Soos mense maar geneig is, is ook ons Christene baie maklik pypiekykers. Te veel Christene raak neerslagtig oor die verval van die kerk om ons - asof die einde op hande is. Te dikwels raak gelowiges benoud oor die veld wat Islam wen. Te maklik wonder ons in ons agterkoppe of die Here ooit daarin gaan slaag om te doen wat Hy in ons teks belowe. Het 2000 jaar nie al verloop nie.

Maar laat ons in die geloof vashou aan wat hier belowe word. Laat ons onthou dat 'n duisend jaar by die Here soos een dag is. Petrus maak hierdie stelling juis as hy voorsien dat mense die Here Jesus se wederkoms met minagting gaan afmaak (2Pt 3:8).

En laat ons met 'n wye visie na die wêreldwye feite kyk. Geen vorige eeu het die sending- en bekeringsoes van die afgelope eeu opgelewer nie. Nog nooit was die kerk so groot soos vandag nie. Vergelyk maar die situasie in Afrika en Suid-Amerika en Asië 'n honderd jaar gelede met vandag. Tóé was die Christene op hierdie drie kontinente 'n druppel in die emmer; vandag woon tweederdes van alle Christene daar.

Reeds 7 jaar gelede het die verantwoordelike en nugter tydskrif in Brittanje, die *Banner of Truth Magazine*, reeds berig: "At the present time there are tens of thousands of Jewish people who have turned in faith to Jesus as the true Messaiah" (July 2005, p.10).

Maak dus jou oë oop en kík: ons leef in die dae van God se somer! Die vyeboom is oortrek van vye

- uitgeswel en ryp. Die koninkryk van Christus steek grens na grens oor. Daniël se klip word by die dag groter. En die groeitempo neem eksponensiël toe!

2. Gee jouself met alles wat jy is en het vir die uitdra en verbreiding van die Here se jubeljaar.

Ons moet die oorfloed van ons verlossing jubelend aangee na diegene wat dit nog nie ken nie. Laat ons mense wees wat met dankbare blymoedigheid vrymaak en kwytskeld en uitdeel en seën. Die Here vra immers van ons niks wat ons nie reeds in oorfloed van Hom ontvang het nie.

En vergeet dit nooit nie: ek en jy word geroep om "engele" te wees wat die Here se uitverkorenes insamel "van elke uithoek van die aarde af". Julle wat jonk is, wy julle lewens aan hierdie edelste van alle take. Julle wat in die volle branding van die lewe staan, weier om 'n sent van die Here se geld op die bevrediging van jou vlees uit te gee (Jk 5:1-3). Julle wat aftree-ouderdom bereik het, gee julle ervaring en rypheid en die laaste jare van jul lewens vir die vye van God se somer. Julle wat oud en afgeleef is, julle het tyd om julle voluit aan die belangrikste van alles te wy: die gebed, "Laat U koninkryk kom!"

Mag die Here ons getrou bevind op daardie dag as ons voor Hom gaan staan.

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500; of E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 044 6966526; 082 8489396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)

* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906